## *Vrydag* 16

**SKRIFGEDEELTE: MATTEUS 1:1-17 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: ESRA 3:2, 8; MATTEUS 1:12**

### Sealtiël – Wie se pa nie sy pa was nie en sy seun nie sy seun nie!

In die geslagsregister van Jesus Christus (Matt. 1) word die naam Sealtiël (vs 12) genoem. Sealtiël se naam beteken "*ek het God gevra*". Hy word genoem die seun van Jegonja en die vader van Serubbabel. So eenvoudig is Sealtiël se geslagslyn egter nie! Die volgende is belangrik om in gedagte te hou:

- Sealtiël was die seun van Assir, die oudste seun van Jegonja (1 Kron. 3:17).
- Die geslagsregister noem hom die seun van Jegonja (Matt. 1:12).
- Die geslagsregister noem hom die vader van Serubabel, maar in Lukas 3:27 lees ons ook dat Serubabel genoem word die seun van Sealtiël *en die seun van Nerija, die seun van Melgi.*
- Volgens 1 Kronieke 3:19 was Serubabel ’n seun van Pedaja en Pedaja was ’n broer van Sealtiël. Hiervolgens was Sealtiël nie die vader van Serubabel nie, maar die oom.

Sy pa was nie sy pa nie en sy seun was nie sy seun nie? Hoe verstaan ons hierdie geslagslyn dan? Jegonja se seun Sedekia het kinderloos gesterwe. Assir het net ’n dogter nagelaat. Volgens die wet op erfdogters (Num. 27:8; 36:8, 9) het sy met ’n man uit die stam van haar vader getrou. Dit was Nerija, uit die geslag van Natan, die seun van Dawid. Uit hierdie huwelik is gebore: Sealtiël, Malkriam, Pedaja, Senassar, Jekanija, Hosama en Nedabja. (Hulle was dus kleinseuns van Jegonja.) Sealtiël was die oudste kleinseun, die erfgenaam van sy oupa aan moederskant – dus genoem die seun van Jegonja (1 Kron. 3:17) en seun van Nerija (Luk. 3:27).

Sealtiël het egter gesterf sonder om seuns na te laat. Pedaja, sy broer, voltrek die swaershuwelik (Deut. 25:5-10) en verwek by Sealtiël se vrou vir Serubabel – dus wettiglik die seun van Sealtiël genoem!

In Matteus 1:12 lees ons Sealtiël was die seun van Jegonja en die vader van Serubabel. Net dit. God werk oor geslagte heen. Al maak dit menslik nie vir ons sin nie. Die geboorte van Jesus Christus was *so* vas bepaal, so ook sy wederkoms. Hy sal nimmer sy verbond vergeet nie. Sealtiël getuig daarvan!

*Sing: Psalm 89:17 (1936)*

*Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)*